# IN CHRISTUS …

# is alles NIE tevergeefs NIE

**<u>Naam</u>: Slabbert Le Cornu**

**<u>Vak</u>: PAST 121**

**<u>Dosent</u>: Prof. GA Lotter**

**<u>Datum</u>: 15 November 2002**

Stefaans kyk geirriteerd na sy horlosie, toe dit begin 'beep' om te sê dit is sewe uur in die aand. Hy is, soos die afgelope twee maande, alweer laat vir nog 'n afspraak ... iets waaroor Elizabeth hom dikwels vermaan het. Dit was juis na 'die laaste vermaning', 'n week gelede, dat hy besluit het dit is genoeg, en met haar uitgemaak het. Stefaans kry 'n knop in sy keel en hy voel hoe die herinneringe begin terugkom aan die goeie ou dae saam met Elizabeth ... maar dadelik skud hy hom reg, hy gaan mos nie meer toelaat dat sy emosies oor hom die oorhand kry nie! Was dit nie juis sy groot vrees, ja sy lafhartigheid wat twee maande gelede, op daardie vervloekte nag die lewe van sy vriend ge-eis het nie ... Stefaans se kneukels slaan wit uit soos hy die stuurwiel vasklem. 'Beeeep!!!', ruk die motoris agter hom, hom terug tot die hede. Hy het so ingedagte geraak, dat hy nie gesien het die robot het groen geslaan nie.

Stefaans vererg homself, en met 'n paar kwetsende woorde trek hy met skreeuende bande weg. Kan die mense, ja, sommer alle mense op hierdie planeet hom dan nie net uitlos nie! Ja, en nou moet hy nog na 'n 'shrink' gaan luister! Adam is nou wel 'n ou huisvriend van sy ouers, maar is dit nou regtig nodig om met hom te gaan gesels? As my ouers net nie so baie by my wil 'neg' nie, hoekom wil hulle so aanhou en aanhou krap met my oor Christoffel se d ..., nee, ek wil nie weer daaraan dink nie, ek is moeg en siek en sat vir alles en almal, ek is moeg vir myself, vir hierdie skuldgevoelens, ek kan nie so voortgaan nie, ja, ek wil nie meer lewe nie ....

Hoekom moet ek in elkgeval luister na my ouers en die 'shrink' se raad, wat kan hulle my tog mee help ... hulle kan mos nie vir Christoffel terugbring of die laaste twee maande se hel terugdraai nie? Ja, alles is tevergeefs, waarvoor lewe ek dan nog? Moes ek nie dood gewees het nie, en Christoffel dalk gelewe het nie? Het die Here dalk 'n fout gemaak? Gmmf, die 'Here', as hy in dan die Here is waar was hy dan daardie aand toe ons Hom so nodig gehad het? Hier moet 'n einde aan kom ....

Skielik slaan Stefaans remme aan. Die motor agter hom blaas hewig op sy toeter en swaai net betyds uit anders het hy Stefaans reg van agter getref. Stefaans sien hoe die bestuurder in 'gautengeleng' met hom praat terwyl hy allerlei handgebare gebruik om sy boodskap aan Stefaans oor te dra. Stefaans dink hardop: Ja, jy ook jou ....

Stefaans draai sy motor om en ry in die teenoorgestelde rigting, vanwaar hy heen oppad was. Vanaand gaan hy nie net laat wees vir 'n afspraak nie, nee, hy gaan hierdie afspraak heeltemal mis! Hy ry rustig na die dam toe. Vanaand is die aand wat hy gaan doen wat hy al vir 'n week lank beplan het, en hy gaan nie weer 'n lafhaard wees nie, hy sal die mense wys!

By die dam aangekom, ry Stefaans na die verste bome, naby die damwal. Die minste mense kom gewoonlik daar en dit is daarom heelwat verlate. Nadat hy gestop het, maak hy die motor se kattebak oop. Daar lê die instrument, netsoos hy dit week gelede gekoop het en in sy kattebak gesit het: 'n splinternuwe tuinslang. Sonder om te aarsel, neem Stefaans die tuinslang, druk die eenkant in sy motor se uitlaatpyp en maak dit stewig vas met 'n klomp ou lappe wat hy uit sy Pa se motorhuis geneem het. Hy vat die anderkant van die tuinslang, druk dit deur die agterruit en maak die venster so stuif moontlik toe. Ja, dit behoort die ding te doen, dink Stefaans by homself. Vir oulaas kyk Stefaans na die dam, en dan klim hy in sy motor en slaan die deur hard en styf toe. Nou ja, wat moet ek volgende doen? Moet ek nou maar net die kar aansit en wag vir die res? Miskien moet ek eers ... Nee, ek gaan niemand bel of laat weet nie ... Christoffel het ook nie 'n kans gekry om totsiens te sê nie ... Sonder om te aarsel, draai Stefaans die sleutel, en dadelik begin sy motor te luier.

Stefaans wonder by homself hoe lank dit gaan neem. Hy kan nie help om weer terug te dink aan daardie aand nie. Sê nou maar ... ja, sê nou maar hy het nie so paniekerig geraak en was nie so lafhartig gewees nie ... Wel, gelukkig sal hy netnou nie meer daaroor hoef te bekommer nie, want dan is hy mos dood ... en dalk daar waar hy verdien om te wees! Hy dink aan wat sy ouers gaan sê, hoe gaan Christoffel se ouers daaroor voel ... en Elizabeth, mooie en dierbare Elizabeth ... Stefaans, ruk jouself reg, moenie dat jou emosies die oorhand kry nie, jy is mos besig om nou die 'regte ding' te doen. Jy betaal mos nou vir die verkeerde dinge wat gebeur het, a.g.v. jou toedoen.

Stefaans begin agterkom dit raak so bietjie bedompig in die kar, dit is darem nie 'n lekker manier om dood te gaan nie! Hy kan seker maar vir oulaas musiek luister ... Stefaans sit die radio aan en draai lusteloos tussen stasies rond. Skielik hoor hy 'n bekende liedjie, wat veral die laaste tyd deur sy gedagtes gemaal het: *If tomorrow never comes* ... Dalk is dit spesifiek vir hom opgedra, vanaand? Stefaans begin alhoemeer duiselig voel ... of is

dit die afgelope paar weke se moegheid wat hom inhaal? ... *would she ever know how much I love her* ... Het hy ooit vir Elizabeth gesê hoe lief hy haar het? ... en sy ouers? Ag, Christoffel, hoekom moes dit met jou gebeur het? Hoekom? ...

Doef! Doef! Doef! Klink dit ewe skielik teen die motor se ruit. Stefaans skrik so groot, dat hy vir 'n oomblik dink hy gaan doodgaan aan 'n hartaanval, en nie vergassing nie! Buite die motor staan 'n boemelaar en beduie iets aan hom. Ek kan dit nie glo nie, dink Stefaans by homself, ek kan nie eers in vrede gelaat word om my eie lewe te neem nie! Stefaans maak die deur oop en klim uit die motor uit. Toe hy regop staan, val hy dadelik vooroor en gooi op van die naarheid. Die boemelaar staan hom en aankyk met vraende oë, maar daar is iets sags, ja liefdevols in sy oë wat Stefaans nie kan peil nie. Toe Stefaans beter voel, staan hy op om met die boemelaar te praat, maar daar is niemand nie. Waarheen sou hy gegaan het, dink Stefaans.

Net toe, lui Stefaans se selfoon
Met 'n gehoes en 'n geproes, antwoord Stefaans sy selfoon
'Hallo'
'Hallo, Stefaans,' sê 'n rustige besorgde stem aan die anderkant. 'Dit is Adam hier. Ek het bekommerd begin raak, dat daar dalk iets met jou gebeur het. Jou ouers het gesê ek moet jou op jou selfoon probeer bel.'

'Ekskuus, Adam, daar het ongelukkig iets voorgeval vanaand, ek dink nie ek gaan dit maak nie ...'

'Stefaans, jy is welkom om nou te kom, al is dit laat. Ek sal baie graag met jou wil gesels, maar ons kan ook 'n ander afspraak maak wat jou beter pas?'

Stefaans wonder wat hy moet antwoord. Hy is nou in haglike omstandighede en lyk seker nie te goed nie ... maar sy ouers gaan geen vrede hê nie, en aanhou by hom 'neg' om te gaan. Miskien moet hy gaan en dit gou alles agter die rug kry?

'Adam, goed, as jy nie omgee nie, sal ek oor so 15 minute daar wees'

'Goed so, ek wag vir jou.'

Stefaans en Adam sit elkeen met 'n stomende koppie koffie in die hand, in Adam se studeerkamer. Daar heers 'n ongemaklike stilte terwyl Stefaans diep in gedagte is, en Adam vir hom tyd gee om eers gewoond te raak aan die omstandighede waarin hy hom nou bevind. Na 'n rukkie verbreek Adam die stilte.

'Ek is bly jy het gekom, Stefaans.'
'Ja, ek het besluit om maar te kom ter wille van my ouers wat daarop aangedring het', sê Stefaans belangeloos, sonder om disrespek te toon.
'Jou ouers is baie lief vir jou, Stefaans."
Stefaans kyk vir Adam aan met sy belangelose oë en dink by homself hoekom het hy ooit besluit om te kom. Daar is heers 'n verdere stilte tussen Adam en Stefaans. Adam besluit om weer vir Stefaans aan die gesels te probeer kry.

'Stefaans, ek weet jy is nie uit jou eie oortuiging hier nie, maar ek wil vir jou vra om hierdie geleentheid net 'n kans te gee. Ek sê jou wat: kom ons gesels sommer oor alles en wat, en na vanaand kan jyself besluit of jy nie weer wil kom nie. Is dit reg so?'

Stefaans dink dadelik hier is sy kans. Hy sal maar saam gesels, en na vanaand is dit alles verby en dan hoef hy nie weer te kom nie.
'Goed so'
'Dankie, Stefaans, maar dan beteken dit ons moet openlik en eerlik met mekaar moet gesels en nie weier om vrae te beantwoord nie. Al is dit dan net ter wille van jou ouers.'
'Ek sal saamspeel', sê Stefaans met agterdog.
'Goed, vertel my hoe gaan dit met Stefaans Sander?'
'Goed ...'
'Komaan, ou Stefaans, jy kan beter as dit?'
'Baie goed? ...'

Adam kan nie help om op 'n vriendelike manier saggies aan die lag te gaan nie. Dit is geen aangeplakte lag nie, maar 'n opregte lag uit sy binneste.
'Wat is dit nou?' vra Stefaans vererg, 'Ek het nie die grappie gehoor nie'
'Stefaans, ek het jou twee maande gelede by die begrafnis gesien. Vanaand sien ek jou weer, en wat sien ek: iemand wat ek nie ken nie, dit lyk of jy 10 dae gelede geëet het, jou oë is bloedrooi, jou klere is verslons en jy ruik soos 'n skoorsteen, jy verbreek dadelik

ons ooreenkoms deurdat jy vir my jok oor hoe dit gaan ... en jy wil my vertel dit gaan 'baie goed' met Stefaans Sander ...'

Stefaans wil hom nou eers vererg vir hierdie ou vriend van hom, maar nou dat hy daarin dink, moet hy 'n komieklike prentjie uitmaak. Sonder dat hy dit werklik besef begin hy self te glimlag, en voor hy hom kon kry begin hy ook saggies te lag, saam met Adam. Hy lag al hoe harder ... die eerste keer dat hy werklik 'n bietjie ordentelik lag na daardie nag ...

Adam is baie bly dat die ys so bietjie gebreek is met Stefaans. Hy hoop Stefaans sal nou meer begin oopmaak oor al sy probeme. Hy sien dat ou Stefaans al harder begin lag en wonder of dit nie nou dalk te erg raak nie? Skielik besef Adam dat Stefaans lag nie meer nie, nee, dit klink asof hy begin huil het.

Stefaans sit met sy kop tussen sy bene. Toe hy so begin lag het, het dit hom dadelik herinner aan daardie aand toe hy en Christoffel teruggery het van Pretoria na Potchefstroom toe. Hy het amper die motor gerol van al die snaakse dinge wat Christoffel hom vertel het. Ag, dit was so snaaks en lekker, hoekom moes dit so anders eindig? Hoekom moet sy emosies so met hom weghardloop, soos nou weer hier voor Adam. Maar hy gee nie meer om nie ... Hy snik en huil nou deurmekaar, hy kan nie meer die trane keer nie, hy wil ook nie meer nie. Dit is asof alles, van die dag van die kaping tot nou, veral vanaand se gebeure by die dam, ewe skielik vir hom te veel raak en in hom losraak. Hy het seker vir 'n paar minute so ingekruip gesit en gehuil, toe hy skielik 'n hand op sy skouer voel. Hy verwag dat Adam nou iets gaan sê soos: 'Ruk jouself reg, jy is mos 'n man?' Hy hoor egter niks nie, en toe hy uiteindelik opkyk in Adam se oë, verwag hy bejammernis en disrespek, maar wat hy sien laat hom dadelik ontspan. Adam kyk hom aan met oë wat self rooierig en waserig is ... en hoekom lyk daardie oë vir hom so skielik bekend ...

Is dit lagtrane of huiltrane?, dink Stefaans by homself.

Nadat Adam vir Stefaans sy sakdoek gegee het, gaan haal hy 'n glas water en gee dit vir Stefaans om te drink. Stefaans drink die glas leeg, en besef nou eers hoe dors hy eintlik was.

Na ‘n rukke vra Adam: ‘Stefaans, as dit jou beter pas, kan ons hierdie gesprek op ‘n ander aand voer?’
‘Nee,’ sê Stefaans dadelik, want hy voel daar is nou ‘n klomp dinge wat hy wil sê.
‘Laat ek dan weer vra: hoe gaan dit met Stefaans Sander?’

Stefaans bly ‘n bietjie stil, en antwoord: ‘Om eerlik te wees: ek weet nie Adam. Maar kom ons kyk ‘n bietjie. My beste vriend is dood, en dit is alles my skuld. Christoffel se ouers is so vriendelik met my, maar diep binne my weet ek eintlik hulle verwyt my oor hul seun se dood. My ouers kerm en kerm elke dag met my oor om weer rigting in die lewe te kry en jou te kom sien. My meisie, oftewel my gewese meisie, bel my elke dag om te hoor hoe gaan dit, terwyl ek dan met haar uitgemaak het. Ek het ‘n paar vakke opgeskop en is van plan om sommer die res ook te los. Dus: dit gaan seker nie te goed nie ...’

Adam kyk hom peinsend aan en vra dan: ‘Dit verduidelik nog nie hoekom jy lyk soos jy lyk vanaand nie. Besef jy hoe jy lyk Stefaans? Vandat ek jou gesien het, het jy seker maklik 10 kg verloor. Verskoon my as ek so reguit met jou is Stefaans, maar ons ken mekaar nie van gister af nie ... vertel my eerlik, gebruik jy *drugs*?’

Stefaans lag skaam, en wonder of hy vir Adam alles van vanaand moet vertel. Netou vertel hy dit vir my ouers ... en Elizabeth. Wat gaan die mense van my dink as hul weet wat ek vandag gedoen het?

‘Stefaans, hoor jy my? Gebruik jy *drugs*?’

‘Nee, Adam, soos ek nou voel: nog nie ... Luister, Adam, ek sal jou alles vertel, maar dan moet jy my asb. belowe om niks vir my ouers en veral vir Elizabeth te sê nie, as hul hoor wat ek probeer doen het, sal hul my doodmaak ...’ Sonder dat Stefaans dit kan keer, grinnik hy onderlangs, as hy die ironie van sy woorde besef. Hy wou mos doodgaan, dalk moet hy hulle dit vertel, dan sal hul vir die res sorg!

‘Goed, Stefaans. As mede-christen en vriend het jy my woord dat dit wat ons hier sê, nie buite hierdie vier mure sal gaan nie, tensy jy toestemming daartoe gee dat ons dit met

ander bespreek, en tensy jy my nie by enige kriminele sake betrek deur jou erkenning aan my nie.'

'Goed so. Wel, ek was oppad hierheen, toe ek skielik besluit het ek gaan ...' Stefaans vertel alles wat daardie aand met hom gebeur het: dat hy amper in 'n ongeluk was, sy poging om selfmoord te pleeg, die boemelaar, Adam se oproep, ens. Hy vertel ook al die emosies wat deur hom gegaan het: my vriend is dood, dit is my skuld, sy ouers verwyt my, my studies is 'n mislukking, ek het my meisie weggejaag, ja, alles is tevergeefs, waarvoor lewe ek dan nog? Moes ek nie dood gewees het nie, en Christoffel dalk gelewe het nie? Het die Here dalk 'n fout gemaak? Gmmf, die 'Here', as hy in dan die Here is waar was hy dan daardie aand toe ons Hom so nodig gehad het? Hier moet 'n einde aan kom ....

Adam sit baie aandagtig en luister. Hier en daar maak hy 'n klein aantekening, sonder om Stefaans se aandag af te trek. Hy knik sy kop instemmend as Stefaans sekere dinge noem. Stefaans dink by homself, hoekom lyk Adam so asof hy verstaan waaroor dit gaan? Vandat hy Adam ken, en dit is al 10 jaar, vandat hy 13 jaar oud is, kon Adam nie 'n voet verkeerd sit nie. Dit lyk of hy dit net goed gehad het in sy lewe. En nou moet ek hier sit en vir hom al my probleme uitpak, so asof hy my kan help. Na hy gepraat het, ontstaan daar 'n ongemaklike stilte. Skielik dink hy weer daaraan dat dit dwaas was om hierheen te gekom het, en wou net Adam dit sê, toe Adam opmerk:

Adam verbreek die stilte: 'Ek weet presies hoe jy voel, Adam'
Stefaans skuif terug in sy stoel en sê: 'Wat bedoel jy?'
Met 'n stem wat baie sagter geraak het, sê Adam: 'Ek was daar deur ...'
'Het jy ook 'n vriend se dood veroorsaak?' vra Stefaan verbaas. Hy kan sy ore nie glo nie.
'Nee, ek bedoel ek het ook probeer selfmoord pleeg.'
'Wat? Jy Adam? *Nooit* ! Dit kan nie wees nie, maar vandat ek jou ken lyk dit asof dit net goed gaan met jou en asof jy geen probleem met enigiets het nie?'
'Presies. Voordat jy en jou ouers my leer ken het, het ek ook deur 'n baie groot krisis in my lewe gegaan.'

Stefaans het nou skoon vergeet van sy planne om die hasepad te kies. Hy is nou baie geintereseerd om te hoor wat Adam sê. Mense het nog altyd net goed gepraat van Adam, kan dit wees dat hy ook swakpunte het?

'Stefaans, sien jy hierdie littekens op my gesig?'
'Ja, ek was nog altyd te skaam om jou te vra wat dit is, en het maar gedink jy was in een of ander ongeluk. My ouers het vir my gesê ek moet jouself vra ... maar ek was nog altyd te skaam.'

'Stefaans, hierdie is die littekens wat ek die afgelope 13 jaar dra. Dertien jaar gelede het ek my eie lewe probeer neem ... en menslik gesproke ... minder goed daarvan afgekom as jy. Ek het myself met my pa se ... se .303 geweer probeer doodmaak ... vermoor!'

Die harde woorde het 'n skokkende uitwerking op Stefaans, en vir die eerste keer besef hy met koue rillings wat hy vanaand probeer doen het ... en amper reggekry het ... as dit nie vir die boemelaar was nie (wie was hy?) ... So dit is waar Adam se littekens vandaan kom. Hy was dus nie een of ander held in die bosoorlog of so iets nie?

Stefaans luister weer aandagtig na Adam: 'Wat het met my gebeur? Nee, dit was nie oor 'n meisie of geld nie, nee dit was oor identiteit'
'Identiteit?', ek verstaan nie, sê Stefaans vraend.

'Nou dat ek terugkyk, kan ek dit so raaksien, maar in daardie tyd was dit natuurlik vir my nie so duidelik nie. Ek het soos enige gemiddelde goeie jong boerseun in 'n christelike huis grootgeword, en deur al die verskillende fases van kind, tiener en jongmens deurgegaan. Ek kon egter agterkom dat van omtrent my standerd 8 jaar, ek al hoe meer my 'eie dinge' wil begin doen het, sonder om my ouers se advies en God se Woord te volg. Ek het reeds op skool baie begin drink en immoreel begin lewe, en dit het net al erger en erger geraak na skool. Na skool het ek aangesluit by die Polisie, en daar het dit nog erger begin gaan. Ek gaan nie al die details vertel nie, maar kan net noem, ek was my eie baas en het gedoen wat reg is in my eie oë. Wat ek nie besef het nie, en dalk nou weet, was dat ek besig was om al hoe meer my doel in die lewe te mis en weg te hardloop daarvan. Dit het al erger gegaan, en in so mate, dat ek naby aan 'n alkholis was, en dalk was ek een. Die immoraliteit het ook al erger geword.'

Adam kan nie help om by homself te glimlag as hy sien hoe verbaas en oopmond Stefaans na hom luister nie.

'Wat het toe gebeur? Wel, op een van my uitstappies na die see toe, was ek weer so stormdronk op die strand gewees. Net ek en 'n vriend het daar gesit in die skemer en drink en drink en drink. Die volgende oomblik was daar twee mense, wat met ons begin gesels het. Hulle was evangeliste wat aan ons die Evangelie verkondig het. Ek was dronk, maar ek kon wel min of meer hul boodskap volg. Dinge het in my gebreek, en ek het in gebed gevolg. Noudat ek daaraan dink, weet ek nie of dit waarlik bekering was en of my emosies met my weggehardloop het nie. Al wat ek weet is, dat van die volgende dag af wou ek niks meer rook of drink nie, en dit is tot vandag toe nog so alhoewel ek moet bysê dat ek wel 'n keer of drie daarna weer so gedrink het dat dit as 'dronkenskap' gekwalifiseer kan word. ... ek skaam my daarvoor en het my bekeer daarvan voor God ...'

Dit is moeilik vir Stefaans om aan Adam te dink as 'n dronkaard en hoereerder, en dit maak selfs seer om dit te hoor van iemand vir wie hy so baie respek het.

'Wel, daarna het my stryd eintlik eers begin, want wat toe gebeur, is dat ek besef het my lewe is nie reg met die Here nie, en ek het hom begin soek. Daar het groot veranderinge in my lewe plaasgevind, tot skok en ontnugtering van baie familielede en vriende. Party was dankbaar, ander nie. Wel, dinge het vir 'n paar maande goed gegaan, maar toe begin die twyfel: wat is my identiteit nou? Is ek van die wêreld, of van Christus? Ek het baie skuldig gevoel oor my verlede, en daarom gedink ek is nie werd om nou 'n Christen genoem te word nie. Aan die anderkant het ek geweet, en wou ek nie, terugkeer na my ou lewe nie, want dit was eintlik hel. Soos baie mense om ons, het ek maar in die ou lewe met 'n masker gelewe, uiterlik gelyk asof ek die lewe geniet, maar binne vrot. Dink maar aan die selfmoord van Johannes Kerkorrel nou die dag, en baie ander waarvan ons lees in die koerante. Volgens die mense was hul uiterlik dan so gelukkig, en daarom kan die mense nie verstaan waarom pleeg hulle selfmoord nie. Wel, ek praat al heeltemal te lank ...'

'Nee, asb., Adam, vat jou tyd. Ek wil graag hoor wat verder gebeur het met jou.'

'Soos ek genoem het, het ek alhoemeer begin twyfel oor my identiteit. Dit het by my 'n groot sielewroeging veroorsaak, in so mate dat dit my hele lewe begin beinvloed het: my werk, verhoudings, kerklewe, ens. Ek het baie gewig verloor [soos jy?], my studies wat ek deeltyds gedoen het, het agteruit gegaan [soos jy?], ek het my meisie verloor [soos jy?], en toe wou ek selfmoord pleeg, oor al my skuldgevoelens oor my sondige verlede ... soos jy, Stefaans ...'

Stefaans kan nie glo wat hy hoor nie, dit is asof hy homself hoor praat en vind in Adam se getuienis. 'Wat het toe gebeur, Adam?' vra hy angstig.

'Wel, dit het so erg geraak, dat ek net een oggend besluit het, ek kan nie meer so aangaan nie. Waaroor gaan die lewe nou eintlik, daar is geen toekoms nie, ek is te sleg om kind van God te wees, ek wil nie meer na my ou lewe terugkeer nie, ja, ek het soos jy gesê: alles is tevergeefs ... Ek het daardie Maandagoggend opgestaan en vir myself gesê, dit is verby, vandag gaan jy dit alles eindig. Dit is die beste ding om te doen. Ek het nog by my ouers gewoon, ek het afgeloop na my ouers se kamer [hulle was reeds werk toe]. Ek het my Pa se kas oopgemaak, sy .303 geweer uit die sak uitgehaal, en sonder om te dink die geweer gelaai en onder my ken ingedruk en die sneller getrek ...'

Adam se trane het nou vrylik gevloei, soos die herinneringe vir hom terugkom. Maar dit was nie trane van skuld nie, maar van dankbaarheid. Stefaans weet nie wat om te doen nie ... hy is mos nie die 'shrink' nie, hy is veronderstel om gehelp te word, nie ander te help nie!

Met 'n kalm bedaarde stem praat Adam verder: 'Die koeël het nie my brein vergruis nie, maar is onder my kennebak in en langs my neus uit. My broer en neef het my na die hospitaal gehaas en daar het ek 'n nege-uur operasie ondergaan om my gesig weer aan mekaar te sit. Ek het my amper doodverstik in die bloed ...' (Esg.16:6 [6] En Ek het by jou verbygegaan en jou sien spartel in jou bloed; toe het Ek vir jou gesê in jou bloed: Leef! Ja, Ek het vir jou gesê in jou bloed: Leef!)

Genade !

'Maar Adam, dinge lyk dan nou soveel anders, hoe het dinge vir jou verander. Was daar sielkundiges wat jou gehelp het, of was dit jou ouers, vriende of jou meisie wat jou weer reggehelp het?'

'Stefaans, natuurlik dink ek almal wat jy genoem het, het 'n rol gespeel, maar daar was 'n groter inlvoed betrokke. Ek was 'n maand in die hospitaal, waarna ek uitgekom het. Dinge was nie meer so erg nie, maar nog nie reg nie. Die groot verandering, myns insiens, was toe ek een Sondagaand vir die eerste keer in twee maande weer kerk toe gegaan het, en alleen daarbo op die gallery gaan sit het om na die preek te luister. Ek kan niks van die preek onthou nie, maar wel die sang. Dit het my hart gebreek, want ek het in trane vir die eerste keer in my lewe die Here waarlik geloof en geprys. En die rede was heel eenvoudig: vir dit wat hy vir my, as arme sondaar aan die kruis gedoen het 2000 jaar gelede, en tweedens, dat hy ook in my eie persoonlike lewe, my gered het daarvan om myself om die lewe te bring. Ek het teruggegaan huistoe, met my ouers en vriendin versoen, en daar het my lewe geleidelik begin verander tot eer van God. Ek het vir die Here gevra om sy beloftes in my hart te bevestig en weg te kyk van myself en net op Hom te vertrou en nie my sondige verlede nie.'[1]

'Adam, en die littekens wat jy nou nog dra, pla dit nie'

'Stefaans, natuurlik is dit nie mooi en lekker nie, maar in Christus kry dit vir my die betekenis van dit wat waaroor die Christelike geloof en dus die geloofslewe gaan: waar die koeël ingegaan het, wys dit op my groot sonde; waar die koeël uitgegaan het, wys dit op God se groot genade; en waar my littekens besig is om al hoe minder sigbaar te word, wys dit vir my op die heiligmaking in Christus wat geleidelik besig is om plaas te vind deur 'n mens se hele lewe, maar ja, nooit volmaak in hierdie lewe nie . Deur dit alles het ek opnuut besef, deur God se Woord: ***Alles is nie tevergeefs, in Christus nie*.'**

'Adam, ek weet nie wat om te sê nie. Jy het my baie gegee om oor te dink.'
'Ja, Stefaans, ek vertel nie hierdie verhaal vir almal wat ek berading voor gee nie, maar ek glo dat jy dit moes hoor, omdat ons al ou vriende is, en omdat jou probleme dit ook vereis.'

[1] Kol.3:1.

'Baie dankie dat jy dit met my gedeel het, partykeer dink 'n mens jy is die enigste een wat probleme het.'
'Stefaans, ek wil graag nou by jou hoor of jy bereid is om oor jou probleme te gesels?'

'Ek weet nie of daar in my geval oplossings is nie, want ek het verkeerd opgetree en klaar, maar ek sal kom gesels.'
'Stefaans, ek wil graag van jou twee dinge vra: dat jy geduldig sal wees met my berading en my 'n kans sal gee om oor jou saak te gesels, en, tweedens, dat jy nooit weer sal probeer doen wat jy vanaand probeer doen het nie?'

'Ek sal dit doen, Adam.'

Nadat hul 'n afpraak gemaak het, groet Adam vir Stefaans met die advies om soveel moontlik slaap [en kos!] in te kry voor hul volgende gesprek.

Adam keer terug na sy studeerkamer, en met 'n groot sug van verligting, tel hy die telefoon op en maak 'n paar belangrike oproepe ...

---

'Stefaans, ek is bly jy het weer gekom. Ek het jou brief aan my deeglik deurgelees. Dankie dat jy so openhartig was in jou brief, dit moes moeilik gewees het om weer daardeur te gaan, maar ek glo dit het jou baie gehelp om die gedagtes op papier te sit.'

'Ja, dit was nie maklik nie. Ek wens net ek was nie so 'n bangbroek nie ...'

'Luister, Stefaans, ek het met die polisie gepraat, en hulle het my verseker dat daar werklik niks maar niks was wat jy kon doen nie. Daar was drie van hulle, gewapend. Wat kon jy doen?'

'Ek kon ten minste toe hulle hom uit die motor uitgepluk het hom probeer help het, iets gedoen het!'

'Stefaans, ons is nou al in drie sessies deur die gebeurtenis. Maak vrede daarmee: jy het geen vuurwapen aan jou gehad nie.  Die belangrikste wat jy kon doen, het jy gedoen en dit was dat jy by Christoffel was toe hy sy laaste oomblikke belewe het.'

Stefaans skuif agteroor in sy stoel, en met groot ongeduld sê hy, skree hy amper: 'Maar, Adam, dan vra ek jou: Hoekom, hoekom het ek dan hierdie al ewige skuldgevoelens wat my so dryf en wakker hou?  Ek kry nie rus daarvan nie, dit dryf my tot raserny.  Wat gaan aan?  As ek dan nie skuldig is aan Christoffel se dood nie, hoekom kan ek geen vrede vind nie.'

'Stefaans, ek het die afgelope paar sessies aandagtig na jou geluister, en mooi probeer bepaal wat jou wortelprobleem is.  Ek wil nou van jou vra om aandagtig te luister, terwyl ek met jou deel hoe ek jou situasie sien.  Sê asb. indien ek verkeerde afleidings gemaak het.  Dit is baie belangrik dat jy met my instem, nie noodwendig saamstem nie, Stefaans?'

Stefaans knik instemmend.  Hy het die laaste paar dae weer ordentelik begin eet en selfs 'n bietjie meer slaap ingekry.  Liggaamlik voel hy beter, maar geestelik ...

'Stefaans, om dit in 'n neutedop op te som: die skuldgevoelens en dit wat daaruit vloei, bv. verloor van eetlus, belangstelling verloor in die lewe, gebroke verhoudings, jou selfmoordpoging, ens., is alles net die gevolge van 'n groter en baie belangriker probleem, nl.: wat is jou identiteit?'

'Maar bedoel jy ... dat ek dieselfde probleem as jy gehad het?'

'Geen probleem is heeltemal identies nie, maar in wese gaan al ons probleme terug na 'n identiteitsvraagstuk, en daarmee bedoel ek baie meer as net 'n mens se 'karakter'.  Vrae soos wie is ek, waar kom ek vandaan, waarheen is ek oppad, waar kom probleme vandaan, ens. is alles medebepalend van hoe ons as mense dink, voel en doen.  Die Skrif leer, 'Wees veral versigtig met wat in jou hart omgaan, want dit bepaal jou hele lewe'[2] Stefaans, ek wil vir jou 'n paar Skrifgedeeltes gee, om jou te help om reg te dink oor wie jy is en hoe om hierdie probleem van skuldgevoelens te hanteer.  Ek wil hê jy moet dit gaan bestudeer, en dan kan ons dit in die volgende sessie bespreek. Is dit reg so?'

---

[2] Spr.4:23.

'Ek sal probeer, Adam'

'Mooi so, hier is dit, sien jou Woensdag':

**Ken jouself**

*Wat moet jy as gelowige van jouself weet?*
Rom.3:23; 6:23
Rom.7:18,19
Spr.14:12
1 Joh.1:8-10

*Wat moet ek egter ook weet?*
Rom.3:24
2 Petr.1:3-4
Fil.4:13
1 Kor.15:9,10

*Vra dan: hoe kan bogenoemde kennis jou help om jou probleme te hanteer?*

---

'Stefaans, kan jy vir my sê wat jy geleer het uit die Skrifgedeeltes wat jy gelees het?'

'Wel, dat ek 'n sondaar is en alleen deur Christus se verdienste gered kan word. Verder dat ek baie keer dinge doen wat ek nie wil nie.'

'Dit is waar, maar hoe maak jy dit van toepassing op jou eie situasie?'

'Ek verstaan nie?'

'Sien, Stefaans, dit is hoe ons as Christene baiekeer deur ons probleme oorwin word. Ons glo baie waarhede wat die Skrif ons leer, maar ons pas dit nie prakties toe op ons eie lewens nie. Omdat ons verkeerd dink oor 'n probleem, daarom kan ons dit nie oorwin nie. Dit veroorsaak dat ons emosies vir ons begin voorskryf wie ons is, dat ons niks goed kan doen nie, en dat daar geen uitkoms is nie. Jou emosionele probleem is die skuldgevoelens oor die verlede, en hierdie skuldgevoelens is besig om jou denke en dade te beinvloed en bepaal. Kom ons kyk bietjie saam na die volgende Skrifgedeeltes:

**Ken jou emosies**

*Lees Gen.4:1-16*
Watter emosies het Kain ervaar omdat sy offer nie aangeneem is nie? (v.5)
Wat is God se raad aan hom? (v.6)
Wat wil die sonde met ons doen? (v.7)
Hoe kan jy oor die sonde heers? (v.7)
Wat sê Rom.12:21 hieroor?

Stefaans, Kain word deur sy verkeerde emosies, teenoor God, gedryf om sy broer dood te maak. Hy word deur sy eie sonde van selfgeregtigheid mislei in sy denke, en dit lei tot verkeerde dade: moord.'
'O, nou sien ek waarop jy afstuur. Jy sê ek is kwaad vir God oor die dood van my beste vriend, wat ek dan onder die dekmantel van skuldgevoelens probeer demp.'
'Net jy kan daardie vraag beantwoord, Stefaans?'
'En daarom probeer ek soos Kain ook my verkeerde emosies wegkry deur moord te pleeg ... selfmoord' Stefaans bly vir 'n lang ruk stil, hier is nou dinge gesê wat hom baie aan die dink laat sit.

Stefaans praat verder: 'Adam, jy is seker reg. Maar as ek dan so groot sondaar is, wat sulke bose dinge dink en doen, is daar dan enige hoop vir my, ja vir ons? Hierdie dinge is besig om my nou net meer moedeloos te maak!'

'Stefaans, om te besef hoe groot ons ellende is, om te besef dat ekself 'n sondaar is wat geneig is tot die bose, en verlore, is juis die teken van die begin van die oplossing. Ongelukkig is dit so dat as baie mense besef hoe groot hul sondes is, dan stop hul daar en gaan nie verder nie. Dit is baie hartseer, want daar is 'n antwoord vir al ons probleme.[3] Kom ons kyk na nog 'n paar Skrifgedeeltes:

[3] Sien HK, vr. & antw. 1

**Ken jou God**

*Wat leer die volgende gedeeltes ons van God?*
Rom.9:20-29
Jes.55:6-11
Joh.6:37-40
Ef.4:20,21
Rom.5;1,2
Rom.8:1; 8:28
1 Kor.10:13
*Wat leer hierdie gedeeltes jou aangaande jou verhouding met God en jou probleem?*

'Stefaans, die erkenning van ons sonde, dryf ons na God deur Christus. Hy het reeds alles vir ons gedoen.... ook vir Christoffel. Christus het aan die kruis gesê: 'Dit is volbring'. Ons kan daarby niks voeg nie. Hy is God, en alles wat gebeur, is volgens Sy wyse plan, al verstaan ons dit nie altyd alles nie, ook wat met die kaping gebeur het was volgens Sy wil. En dit werk alles ten goede vir die wat Hom liefhet (Rom.8:28). ... ook die boemelaar wat jou lewe gered het, was alles deel van God se plan ...'

'Adam, maar al sê ek vir myself, ek is nie skuldig aan Christoffel se dood nie, hoekom nogsteeds die stryd daarteen?'

'Om dit te verstaan, moet ons ook besef dat ons as Christene ons hele lewe lank 'n stryd sal hê teen die sonde wat daar nog in ons is. Let wel, die sonde is nog teenwoordig by gelowiges, maar dit heers nie meer oor ons nie (Rom.6). Christene is bevry van die mag van die sonde. Verder is daar ook nog die wêreld en die Satan wat ons gewetens probeer aankla en ons oë weg probeer neem':

**Ken jou vyand**

*Wat kan ons leer van ons vyande?*
Joh.8:44
Hand.5:3
1 Joh.2:15,16
*Wat leer dit jou oor jou probleemsituasie?*

'Stefaans, ons vyande is, die eie sonde, die wêreld en die Satan wil nie hê ons moet oor alles, insluitende jou probleem, volgens God se Woord dink nie. Nee, hulle wil hê ons moet verkeerd dink sodat ons verkeerd kan optree.'

'Adam, jy het my vandag 'n klomp dinge geleer. Ek weet nie waar om te begin of wat om te doen nie?'

'Stefaans, kom ons sluit vandag se sessie af. Ek wil graag hê jy moet vir my die volgende opdrag gaan voltooi op jou eie, en dan kan ons dit volgende keer bespreek. Is dit reg so?'

'Maak so, Adam'

'Hier is die opdrag':

**Lees 1 Samuel 12**

Sien hoe die Here te werk gaan om Dawid tot bekering te bring, en hoe dit in jou situasie van toepassing is.
Bid en vra vir die Heilige Gees om jou probleem heeltemal voor Hom te lê
Wees eerlik teenoor God en jouself
Vra hoe jou optrede die laaste tyd, jou verhoudings met God, jou naaste, en jouself bepaal het
Skryf dit neer
Bely jou sondes voor die Here en aanvaar volkom vergifnis
Wat beteken dit nou volgens HK, vr. en antw. 60 dat jou sondes vergewe is?

---

'More. Stefaans. Sjoe, maar jy lyk heelwat beter as 'n paar weke gelede!'

'Dankie, Adam. Ja, ek voel baie beter. Ek het die opdrag voltooi, en kan met eerlikheid sê dat ek nou vrede gevind het in Christus. Die pyn en hartseer is daar, maar daar is berusting in God se wil, al verstaan ek nie mooi alles nie. Dit beteken dus seker dat ons nou die sessies kan eindig of hoe?

'Stefaans, ek is bly as dit baie beter gaan. Maar stadig oor die klippe. Die bekering is nie net die afsterwe van die ou mens nie, maar ook die opneem van die nuwe mens, en dit is 'n lewenslange taak.[4] Kom ons kyk na die volgende Skrifgedeeltes:

[4] HK, So.33

**Ken die Woord**
*Wat kan ons van die Woord glo?*
Jes.55:10, 11
Hebr.11:17-19
Joh.8:34
Joh.8:15
2 Tim.3:15-17
*Hoe help die gedeeltes jou in jou geloofslewe?*

'Stefaans, jy sal ook nou moet groei in heiligmaking, elke dag. Wanneer 'n mens tot bekering kom, dan word al jou verkeerde denkpatrone nie vernietig nie, maar moet vervang word met regte denke, en goeie dade wat daaruit vloei.[5] Sien bv. Ps.1 hoe ons die Skrif dag en nag moet oordink.'

'Goed, ek sal dit doen, maar verder is alles mos nou wee reg?'
'Is alles reg, Stefaans?, vergeet jy nie dalk nog iets nie?'
'Wat, ek kan nie dink aan nog iets nie?'
'Wat leer die tweede groot gebod?'
'Jy moet jou naaste so liefhê soos jouself. Maar wat het dit te doen met ... ?
'Het jy die saak al reggemaak met jou ouers, Elizabeth en Christoffel se ouers?'
'Kan jy dit glo! Ek is so besig met myself, dat ek hul skoon vergeet het!'

'Toemaar. Ek dink ek kan jou nou vertel. Terwyl ons in sessies besig was, was ek ook met hulle afsonderlik en saam betrokke in verskillende sessies. Dit is net wonderlik hoe die Here uit al die hartseer van Christoffel se dood, soveel mense weer nader aan Hom bring ... en hopelik aan mekaar?'
'Ja, dit verduidelik seker hoekom hul almal so hulpvaardig en vriendelik teenoor my was. Jy het hul daarmee gehelp om my te ondersteun, né?'
'Ja, ek het want die Skrif leer mos ons is gegee om mekaar se laste te dra. Stefaans, jy het baie dierbare mense en hulle is werklik almal lief vir jou. Moenie die liefde wat God vir jou het deur hierdie mense verwerp nie!'

'Ek gaan sommer nou dadelik met hulle almal gesels!'

[5] Rom.12;1,2.

‘Moenie te oorhaastig wees nie, Stefaans. Vat dit rustig. Ek het met hulle die volgende opdrag gedoen, jy kan dit ook gerus by die huis gaan doen in gesprek met hulle”:

**Versoening met die naaste**

Lees die volgende gedeeltes:
Vertrekpunt: 2 Kor.5:17-21
Matt.5:23-25
Gal.6:1,2
Ef.4:32
Hoe bepaal hierdie verse mens se optrede teenoor jou naaste, veral hulle wat swaar laste op hul eie probeer dra?
Hoe kan ek help om ander se laste ligter te maak?
Lees en memoriseer: Matt.11:28-30

---

‘Hallo Stefaans, o, hallo Elizabeth! Het jy saamgekom om te hoor wat ons alles skinder?’
‘Hallo Adam, nee, Stefaans het gesê ek moet saamkom.’
‘Ja Adam, ek wou hê sy moet saamkom’
‘Sy is meer as welkom!’

‘Ja, Adam. Die Here was so goed vir my die afgelope week. Ek kon teruggaan en al die verhoudings herstel wat verbreek is die afgelope twee maande. Christoffel se ouers was baie dankbaar vir die verandering in my lewe en het my genooi om enige tyd te kom kuier. My ouers was die ene snot en trane om hul ‘verlore seun’ terug te verwelkom. En wat Elizabeth betref ... hier is sy aan my sy!’

‘En jou studies?’
‘Ongelukkig kan ek nie weer die gekanselleerde vakke herstel nie, maar ek sal dit volgende jaar weer doen.’
‘Stefaans. Ek wil vandag ons sessies afsluit met die volgende paar skrifgedeeltes. Kom Elizabeth, jy moet saam met ons daardeur gaan.’:

**Volharding**

Jak.1:1-4

Rom.2:6-11

Hebr.12:1-4,11,12

Mark.13:13

Ef.6:10-13,18

Kyk hoe hierdie skrifgedeeltes jou kan help om die skuldgevoelens te hanteer in die toekoms?

**Lees Fil.4:2-6**

Wat leer dit ons oor gebed?

Hoe moet ons na ons omstandighede kyk?

Wat moet ons met ons bekommernisse doen?

Watter waarheid moet ons hieruit leer vir die toepassing vir ons situasie?

**Lees 2 Petr.1:2-13**

Wat is die geskenk wat ons ontvang?

Wat moet ons byvoeg om in ons geloofslewe te groei?

Hoe gaan God se genade te werk in ons probleemsituasie?

**Geloofsgroei**

Lees die volgende gedeeltes en skryf neer hoe dit kan help om in die geloof te groei:

Jak.1:22-25

Luk.8:5,8,15

Job.42:1-5

‘Stefaans, daar kan tye kom waar ‘n mens weer aangeval word deur twyfel en skuldgevoelens. As ‘n mens nie daardie verkeerde gedagtes gevange neem nie (2 Kor.10:5,6), dan kan dit weer lei tot verkeerde dade. Hou dus jou oë gevestig op Christus, en hou aan groei in ‘n dankbaarheidslewe. Wees hoopvol, volhard in gebed en die lees van die Woord en pas dit toe in jou lewe en al jou verhoudings.’

'Adam, ek dank God deur Christus Jesus onse Here, vir wat Hy aan my deur jou bediening gedoen het. Ek was so te sê dood, maar nou lewe ek! Aan God al die eer.'

'Stefaans, ek is so bly oor wat jy nou gesê het, want dit wys vir my dat jy tot die ware identiteit van menswees gekom het: *dat dit Jesus Christus is wat ons identiteit bepaal, en nie ons omstandighede nie.* Ons is geskape na die beeld van God met die doel om Hom te eer in alles wat ons doen. God het 'n doel met alles wat gebeur, en Hy het o.a. Christoffel se dood gebruik om jou [en ek glo ook baie ander!] te bring tot die besef dat die lewe daaroor gaan om God te eer. As ons lewens gefokus is op Hom, dan laat Hy alles ook vir ons ten goede meewerk, en dan word al die ander dinge vir ons bygevoeg.[6]

'Ek wil afsluit met die volgende woorde, wat elkeen van ons so goed ken, maar nie altyd waardeer en konkreet uitleef nie, en dit is ook my bede en hoop vir julle in die toekoms:

> My **enigste** troos in lewe en in sterwe, met liggaam en siel, is dat ek nie aan myself nie maar aan my getroue Verlosser, Jesus Christus, behoort. Hy het met sy kosbare bloed vir **al** my sondes **ten volle** betaal en my uit **alle** heerskappy van die duiwel verlos. Hy bewaar my op so 'n wyse dat, sonder die wil van my hemelse Vader, **geen** haar van my kop kan val nie. **Alles** moet inderdaad tot my saligheid dien. Daarom verseker Hy my ook deur sy Heilige Gees van die ewige lewe en maak Hy my van harte gewillig en bereid om voortaan vir Hom te lewe.'[7]

'Dankie, Adam, ja alles is nie tevergeefs, vir die wat in Christus Jesus is nie ...'
Nadat hulle vir Adam gegroet het, klim Stefaans en Elizabeth in die motor.
'Adam, ek wonder nou nog wie daardie boemelaar was? Ek was al 'n paar keer weer by die dam en by 'n klomp boemelaars in die dorp, maar kry nie 'n boemelaar met daardie oë nie ?

'Dalk sal ons in die hiernamaals weet, ou Stefaans. Dank God alleen daarvoor, ongeag wie of wat dit was.'[8]
Met 'n vriendelike handdruk en 'n klop op die motor se dak 'Doef, doef', groet Adam vir Stefaans hulle toe hul wegtrek.
Iets in Adam se oë vang Stefaans se aandag: ... maar, was die 'boemelaar' nie dalk ....?

---

[6] Rom.8:28; Matt.6:33
[7] HK, vr&antw.1
[8] Hebr.1:14; 13:2

**Bibliografie**


ADAMS, J.E. 1986. The Biblical View of Self-Esteem, Self-Love, Self-Image. Eugene: Harvest House.

BYBEL, DIE. 1933/53. Dit is die ganse Heilige Skrif wat al die kanonieke boeke van die Ou en Nuwe Testament bevat. Kaapstad: Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

BREED, G. Leef met vreugde as oorwinnaar in Christus. Ongepubliseerd

DEN HARTOGH, G. 1999. Voorzienigheid in donker licht. Heerenveen: Uitgeverij Groen.

LLOYD-JONES, D.M. 2002. Spiritual Depression: It's causes and it's cure. Grand Rapids, MI: Eerdmans.

MACARTHUR, J.F. & MACK, W.A. 1994. Introduction to Biblical Counseling. Dallas: Word Publishing.

TRIPP, P. Bybelse Beradingskursus. Vertaal en verwerk deur ds. Johann Oostenbrink. Ongepubliseerd.

WILLIAMSON, G.I. 1993. The Heidelberg Catechism. Phillipsburg, NJ: P&R.